

Dinsdag 23 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 108

Fokusgedeelte: Psalm 108:2

Ek voel weer veilig by U, o God!

Hierdie Psalm is 'n danklied wat uit twee klaagliedere saamgestel is. Ons kan sê dat 'n dubbele klag in 'n dank- en vertrouenslied verander!

Veiligheid is beslis een van die eerste dinge wat vir 'n enkeling en vir die volk belangrik is. Die volk Israel het vanweë vyandige nasies baie onveilig gevoel. Self is die volk nie teen die vyand bestand nie en mense se hulp is nie genoeg nie. God moet help! Met God aan ons kant, sal ons oorwin, want Hy self sal die vyand vertrap! God het ingegryp! Die volk voel weer veilig by God, so veilig dat die digter wil jubel en sing en wil met harp en lier die rooidag wakker maak!

Wat is die moeilike omstandighede wat jou so onveilig laat voel? In wie het jy vertrou verloor: in jouself, geliefde, medegelowiges, vriende, die onvoorspelbare samelewing? Dit voel of ongeregtigheid en korrupsie die botoon voer. Ons kan dubbele klaagliedere hieroor skryf.

By wie vind ons dan weer veiligheid en vreugde? By God! Ja! God die Vader het sy Seun Jesus Christus vir ons gegee om Self die onveiligste ding te ondergaan, die kruisdood! Alles het verlore gelyk! En tog het God juis op Golgota sy oorwinnende mag geopenbaar. Jesus betaal ons sondeskuld met sy kruisdood en met sy opstanding het Hy sy mag oor alle dinge bewys, in besonder die dood. Die Heilige Gees kom woon in ons bang harte, met die gevolg dat ons opnuut glo dat Jesus ons nou verlos en aan ons die ewige lewe skenk!

Sodoende verander God ons dubbele klagtes in 'n dank- en vertrouens-lewenslied! Kom ons sing weer saam: "Ons voel weer veilig, o God! Ons wil die Here loof oor sy liefde en trou!"

Sing: Psalm 108-2:1, 2

Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)